

Die Katz Kommissie

Moontlike impak van belastingvoorstelle op aftreebeplanning van lede van die Balie

deur Marius Botha Bluris FILPA

DIE Inkomstebelastingwet 58 van 1962 (die wet) bevat reeds jarelank bepalinge wat, ten opsigte van belastingverligting op bydraes wat gemaak word tot aftreefondse, diskriminerend is teen persone wat “in eie diens” staan en wat nie “werknemers” is ingevolge die bepalinge van die wet nie. Lede van die Balie val natuurlik ook in hierdie kategorie. In die Katz Kommissie (die kommissie) se derde interim verslag ten opsigte van die belastingstrukture in Suid-Afrika word daar voorstelle gemaak wat, indien dit deur die regering aanvaar en in wetgewing vervat word, ’n einde sal bring aan sodanige diskriminasie. In hierdie artikel sal daar kortliks gekyk word na hoe implementering van die kommissie se voorstelle lede van die Balie sal raak.

Die huidige posisie

Die huidige posisie rakende belasting op aftreefondse en aftreevoordele kan by wyse van vergelyking soos volg opgesom word:

’n Werknemer kan dus met behoorlike beplanning tussen hom en sy werkgewer jaarliks ’n totaal van 37,5% van sy besoldiging in aftreefondse stort sonder dat belasting eers op sodanige bydraes gehef word. Daarteenoor word persone in eie diens beperk tot ’n totale aftrekking van 15% ten opsigte van bydraes tot aftreefondse.

Die kommissie se voorstelle

Die kommissie het voorgestel dat die aftrekking ten opsigte van die *werkgewer* se bydraes tot pensioen- en voorsorgfondse beperk word tot 15% van die werknemer se totale besoldiging en ten opsigte van die werknemer se bydraes tot 7,5% van die werknemer se besoldiging. Ten opsigte van bydraes tot uittreeannuïteitsfondse is voorgestel dat die aftrekking beperk word tot ’n maksimum van 22,5% van nie-pensioengewende inkomste. Die voorstel is dat alle aftreefondse, en sodoende ook werknemers en persone in eie diens, op gelyke voet geplaas word.



Marius Botha

Persone in eie diens se maksimum aftrekking met betrekking tot bydraes tot uittreeannuïteitsfondse sal dus vanaf 15% tot 22,5% van belasbare inkomste verhoog indien die voorstelle aanvaar word. Die kommissie se voorstelle aangaande die belasbaarheid van aftreefondse en die voordele aan lede betaalbaar is egter verreikend. Tans is die posisie dat (a) bydraes tot aftreefondse belastingaftrekbaar is, (b) die inkomste van aftreefondse vry van belasting is, en (c) dat die voordele betaalbaar aan die lid, belasbaar is.

	Werknemers	Persone in “eie diens”
Pensioenfondsbydraes	Beide die werkgewer en die werknemer kwalifiseer vir belastingaftrekkings ten opsigte van bydraes gemaak. Die werknemer vir ’n maksimum aftrekking van 7,5% van sy besoldiging en die werkgewer vir ’n verdere 20% van die werknemer se besoldiging. Met behoorlike beplanning kan daar dus jaarliks 27,5% van ’n werknemer se besoldiging belastingvry in pensioen- en voorsorgfondse gestort word.	Die omskrywing van “pensioenfonds” in a 1 van die Wet stel dit as vereiste dat slegs <i>werknemers</i> lid van ’n pensioenfonds mag wees. Persone in eie diens kwalifiseer daarom nie vir hierdie aftrekking nie.
Uitreeannuïteitsfondse	Die werknemer kan, indien sy totale besoldiging pensioengewend is, ’n verdere bedrag van R1 750 p j tot so ’n fonds bydra en aftrek.	’n Persoon in eie diens kwalifiseer vir ’n aftrekking van 15% van sy belasbare inkomste.
Uitgestelde vergoeding	Die aftrekking ingevolge a 11(n) van die Wet word ook in die praktyk aangewend om ’n verdere 10% van die werknemer se besoldiging belastingvry in ’n uitkeerpolis te stort wat dan by aftrede gedeeltelik belastingvry aan hom uitbetaal word.	Persone in eie diens kwalifiseer geensins vir hierdie voordele nie.

Die kommissie stel egter 'n sisteem voor waarvolgens

- *bydraes* tot aftreefondse vry van *belasting* (aftrekbaar) sal wees;
- die *huur-, rente- en ander bedryfsinkomste* van die fonds teen 'n gelyke koers van 30% *belas* word; en
- die *voordele betaalbaar* aan die lid *belasbaar* sal wees.

Die vraag ontstaan tot watter mate die groeikoerse van aftreefondse en spesifiek aftreeannuïteitsfondse deur hierdie belastingpligtigheid geraak sal word. Versekerars bemark lank reeds uittreeannuïteitsfondse wat suiwer in die aandelemark belê. Aangesien die inkomste van sulke fondse bestaan uit belastingvrye dividende en inkomste wat kapitaal van aard is, behoort groeikoerse nie nadelig beïnvloed te word nie. Die kommissie se voorstelle van hoe aftreefondsvoordele in die toekoms belas moet word, is verreikend en kan in sekere gevalle enige voordeel wat 'n verhoogde belastingaftrekbare bydra mag inhou, ongedaan maak.

Voorgestelde belasting op voordele

Tans word die aftreevoordele van pensioen-, voorsorg- en uittreeannuïteitsfondse soos volg belas:

Die lid is by aftrede geregtig om hoogstens een-derde van die voordeel waarop hy by aftrede geregtig word, in die vorm van 'n enkelbedrag te neem. Hiervan is 'n gedeelte (in die meeste gevalle R120 000) belastingvry. Die belasbare gedeelte van die enkelbedrag is in die jaar van aftrede belasbaar teen gemiddelde koers, terwyl die verpligte jaargeld wat met die balans aangekoop word, daarna jaarliks teen normale koers belas word.

Die kommissie stel voor dat 'n enkelbedrag en die daaropvolgende jaarlikse pensioen nie meer afsonderlik belas moet word nie, maar dat die "kapitale waarde" van die aftreevoordele (uitgesonder 'n belastingvrye gedeelte) by aftrede belas word. Enige jaargeld wat daarn ontvang word uit die fonds, is "belastingvry" aangesien die kapitaal waarmee dit aangekoop is, reeds belas is. Die voorstel is dat die kapitale

waarde soos volg by dood of aftrede belas moet word.

Stap 1: By die vasstelling van die belasbare bedrag van die kapitale waarde moet 'n aftrekking gelyk aan die totaal van (i), (ii) en (iii) hieronder toegelaat word.

- (i) R50 000, plus
- (ii) die kleinste van "A" of R120 000, plus
- (iii) met dien verstande dat A groter is as R120 000, die kleinste van R210 000 en 50% van ("A" - R120 000). "A" verteenwoordig daardie gedeelte van die kapitale waarde van die fonds (voor belasting) wat aangewend word om 'n jaargeld mee aan te koop.

Stap 2: Die belasting betaalbaar op die belasbare gedeelte van die kapitale waarde moet dan ooreenkomstig die volgende tabel vasgestel word.

Tarief	Bedrag
15%	minder as R150 000
25%	R 150 000 tot R450 000
35%	R450 000 tot R750 000
45%	meer as R750 000

Hierdie onderskeie tariewe moet in elke gleuf toegepas word op daardie gedeelte van die belasbare bedrag wat binne daardie gleuf val.

Stap 3: 'n Spesifieke volgorde moet telkens gebruik word om die belasting te bereken wat deur die onderskeie elemente van die kapitale bedrag aangetrek word. Dit is om te bepaal vanaf watter element van die totale kapitale waarde (bv enkelbedrag of die bedrag waarmee die jaargeld aangekoop word) die belasting wat betaalbaar is, afgetrek moet word.

Die onderstaande volgorde word deur die kommissie aanbeveel:

- (a) eerstens enige enkelbedrag wat R50 000 oorskry;
- (b) daarna daardie gedeelte van die enkelbedrag wat aangewend word vir die aankoop van 'n jaargeld ("A" in stap 1 hierbo), maar beperk tot 'n maksimum van 25% van "A";
- (c) dan die eerste R50 000 van die

enkelbedrag; en
(d) laastens, die balans van die bedrag wat aangewend word om 'n jaargeld mee aan te koop.

Ingevolge die kommissie se voorstelle is daar niks wat 'n lid van 'n aftreefonds kan verhoed om sy volle aftreevoordeel in die vorm van 'n enkelbedrag te neem nie, maar daar is tog maatreëls wat die aankoop van 'n jaargeld sal aanspoor. Hoe groter die deel wat aangewend word om 'n jaargeld mee aan te koop hoe groter die belastingvrye deel van die kapitale waarde.

Voorbeeld:

By aftrede is die kapitale waarde van 'n lid se aftreevoordele R700 000. Hy besluit om R200 000 aan te wend om 'n jaargeld mee aan te koop. Hy sal vir die volgende aftrekkings kwalifiseer:

- (i) R 50 000, plus
- (ii) R120 000 (die kleinste van "A" of R120 000), plus
- (iii) R40 000 [50% van (R200 000 - R120 000)]

Totaal = R210 00.

Die belasbare kapitale waarde is dus R490 000 (R700 000 - R210 000). Die belasting daarop betaalbaar, is soos volg:

$$\begin{aligned} R150\ 000 \times 15\% &= R\ 22\ 500 \\ R300\ 000 \times 25\% &= R\ 75\ 000 \\ R\ 40\ 000 \times 35\% &= R14\ 000 \\ \text{Totaal} &= R111\ 500 \end{aligned}$$

Hierdie bedrag sal soos volg van die onderskeie elemente waaruit die kapitale waarde bestaan, verhaal word:

- (a) teen die gedeelte van die enkelbedrag wat R50 000 oorskry = R111 500
- (b) teen die gedeelte van die enkelbedrag wat aangewend word om 'n jaargeld te koop (maksimum 25% daarvan) = *nul*
- (c) teen die eerste R50 000 van die enkelbedrag = *nul*
- (d) teen die balans van die bedrag wat aangewend word om 'n jaargeld mee aan te koop = *nul*

Die maksimum belastingvrye voordeel waarvoor 'n lid by aftrede sal kwalifiseer, is R380 000 (R50 000 + R120 000 + R210 000). Ten einde vir hierdie maksimum in aanmerking te kom sal die aftredende lid in die voor-

beeld 'n jaargeld met 'n bedrag van R540 000 moet aankoop, in welke geval hy 'n enkelbedrag van slegs R160 000 (voor belasting) sal ontvang. Die belasting betaalbaar op die belasbare kapitale waarde sal dan verminder na R65 000 wat beteken dat die gemiddelde koers wat in daardie geval op die *totale* kapitale waarde gehef word, slegs 9,28% sal wees. Indien hierdie lid 45% belasting bespaar het op sy bydraes, kan hy beslis nie kla as hy slegs 9,28% belasting op die opbrengs betaal nie. Die probleem is egter dat die belasting toeneem namate die belasbare kapitale waarde toeneem. In 'n geval waar 'n gedeelte van die kapitale waarde teen die maksimum koers van 45% belas word, negatiewer dit enige belastingbesparing

op die bydraes. Indien die fonds se groeiakoers as gevolg van die voorgestelde nuwe 30% belasting nie meer markverwant is nie, sal die lid ten opsigte van 'n gedeelte van sy bydraes nie 'n wins toon nie, maar eintlik verloor.

Slotsom

Alhoewel die implimentering van die voorstelle 'n lid van die Balie se onmiddellike belastingituasie kan verbeter as gevolg van die verhoogde aftrekking, is dit moontlik dat die belastingbesparing op 'n gedeelte van die bydraes deur belasting op die voordele by aftrede uitgewis sal word. 'n Voornemende lid van 'n uittree-annuïteitsfonds moet miskien liever fokus op 'n toekomstige uitkeerbedrag waarvan, indien dit by aftrede so

aangewend word om vir die maksimum belastingvrye bedrag van R380 000 te kwalifiseer, geen gedeelte teen die maksimum koers van 45% belas sal word nie. Daar moet dan bereken word watter gereelde bydrae hy moet maak ten einde hierdie doel te bereik. Dit kan in sekere gevalle beteken dat nie van die volle 22,5% aftrekking gebruik gemaak sal word nie. Uittree-annuïteitsfondse wat ten volle in die aandelemark belê, lyk op hierdie stadium na die beste opsie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat sulke fondse geen waarborg verskaf nie. Verder moet mens duim vashou dat aftreefondse nie in die toekoms weer by wyse van wetgewing gedwing sal word om 'n gedeelte van hul kapitaal in verpligte staatsbelegging te belê nie.

PRACTICE

Continued from page 43.

Legal aid

Tariff in respect of criminal matters with effect from 1 April 1996: Extracts from directive received from the Legal Aid Board

PRIOR hereto legal representation in criminal matters for those who could not afford their own legal representation was, directly or indirectly, provided by the state in three ways, namely by means of the pro Deo system administered by the Department of Justice; by the Legal Aid Board in terms of the provisions of the Legal Aid Guide; and with effect from 10 March 1995 the Legal Aid Board was appointed as the agent of the state for the provision of the legal services envisaged by sections 25(3)(e) and 25(1)(c) of the Constitution.

The Constitutional Court has effectively declared the death penalty unconstitutional. With the abolition of the death penalty the original rationale for the existence of the pro Deo system has disappeared. The treasury has advised the Minister of Justice that the fund which previously existed in respect of pro Deo matters has been frozen. At a recent meeting at which all relevant parties were rep-

resented it was agreed that as an interim measure the pro Deo system should continue as before but that it would debit the fees disbursed in respect thereof to the account in respect of section 25(3)(e) instead of the pro Deo fund. At the same meeting referred to above it was agreed, in principle, that there should be one body responsible for the provision of legal services in criminal matters for those who were unable to afford their own legal representation – ie the Legal Aid Board. Research, planning and consultation concerning the scheme which will replace the pro Deo system is currently proceeding. The pro Deo system will continue in the interim but its replacement by the contemplated new system will be imminent.

An anomaly of the three systems by which legal representation was previously provided in criminal matters to those who were unable to afford their own legal representation was that each system had its own tariffs in terms of which legal practitioners were remunerated. Discrepancies existed between the tariffs. It is undesirable that such discrepancies should continue.

The Board has consequently decided that with effect from 1 April 1996 there will be one tariff in respect of all criminal matters in which legal practitioners act pursuant to a legal aid instruction issued by the Legal Aid Board. A copy of that tariff is obtainable on request.

The tariff will in future apply, in the absence of a specific agreement to the contrary, to all work performed in terms of any instruction issued on or after 1 April 1996 in respect of any criminal matter; and all work performed on or after 1 April 1996 in respect of any instruction issued by the Legal Aid Board in any criminal matter before 1 April 1996.

The tariff will not apply to any work performed in terms of an instruction issued in terms of the pro Deo system, irrespective of whether such work was performed before or after 1 April. Such matters will be administered in terms of the pro Deo system and remunerated in accordance with the tariff applicable thereto; and any work performed prior to 1 April 1996 pursuant to an instruction issued by the Legal Aid Board in a criminal matter prior to 1 April 1996. In respect of such matters the pre-existing Legal Aid Board tariff or section 25(3)(e) tariff, as the case may be, will apply.

Enquiries:

- Pro Deo matters – Department of Justice
- Payment of accounts and queries concerning interpretation and implementation of instructions in section 25(3)(e) matters – Legal Aid Board
- Queries concerning instructions issued pursuant to the legal aid scheme – the Legal Administration Department of the Legal Aid Board.